(3) Notwithstanding subsections (1) and (2), a staff member dismissed for financial misconduct contemplated in section 171 of the Municipal Finance Management Act, corruption or fraud, may not be re-employed in any municipality for a period of 10 years.

- (ii) daarna jaarliks aangegaan word binne een maand ná die begin van elke finansiële jaar van die munisipale raad;”;
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:  
 “(3) Die dienskontrak bedoel in subartikel (1)(a) moet—
- (a) besonderhede van pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes insluit soos waarop die partye ooreengekom het, behoudens bestaanbaarheid met—
- (i) hierdie Wet;
- (ii) enige regulasies wat voorgeskryf kan word wat van toepassing is op munisipale bestuurders of bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; en
- (iii) enige toepaslike arbeidswetgewing; en
- (b) deur beide partye onderteken word voordat diens begin word.”;
- (c) deur subartikel (3A) deur die volgende subartikel te vervang:  
 “(3A) Enige regulasies wat verband hou met die pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes van munisipale bestuurders of bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, word geag deel van ’n dienskontrak bedoel in subartikel (1)(a) te wees.”;
- (d) deur paragraaf (b) in subartikel (4) te skrap;
- (e) deur subartikel (4C) deur die volgende subartikel te vervang:  
 “(4C) Enige regulasies wat verband hou met standarde en prosedures vir die evaluering van die prestasie van munisipale bestuurders of bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, en tussenposes tussen evaluerings, word deel van ’n prestasie-ooreenkoms bedoel in subartikel (1)(b).”;
- (f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:  
 “(6) Die dienskontrak vir ’n munisipale bestuurder moet—
- (a) vir ’n nie-hernubare vaste dien tydperk wees tot ’n maksimum van vyf jaar wat nie ’n tydperk oorskry nie wat een jaar na die verkiesing van die volgende raad van die munisipaliteit verstryk;
- (b) ’n bepaling insluit vir kansellasië van die kontrak in die geval van nie-nakoming van die dienskontrak of, waar toepaslik, die prestasie-ooreenkoms; en
- [(c) die bepalings vir die hernuwing van die dienskontrak uiteensit, maar slegs by ooreenkoms tussen die partye; en]**
- (d) die waardes en beginsels bedoel in artikel 50, die gedragskode uiteengesit in Bylae 2, en die bestuurstandaarde en -gebruike vervat in artikel 51 weergee.”; en
- (g) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:  
 “(7) Die dienskontrak van ’n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, moet permanent wees.”.

#### Vervanging van artikel 57A in Wet 32 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 7 van 2011

5. Artikel 57A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 45

#### “Indiensneming van ontslaande personeel en rekord van dissiplinêre verrigtinge

- 57A.** (1) Enige personeellid wat weens wangedrag ontslaan is, kan slegs weer deur die munisipaliteit in diens geneem word nadat ’n voorgeskrewe tydperk verstryk het. 50
- (2) Die Minister moet verskillende tydperke vir verstryking, soos in subartikel (1) beoog, vir verskillende kategorieë van wangedrag voorskryf.
- (3) Ondanks subartikels (1) en (2), kan ’n personeellid wat vir finansiële wangedrag beoog in artikel 127 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet korrupsie of bedrog ontslaan is, mag vir ’n tydperk van 10 jaar nie weer in enige munisipaliteit in diens geneem word nie. 55

(4) Notwithstanding subsection (1), the Minister may prescribe acts of misconduct in respect of which no period need expire before a person may again be employed in any municipality.

(5) Subject to subsection (1), a decision to employ a person dismissed for misconduct must be taken with due regard to the nature of the misconduct concerned.

(6) A municipality must maintain a record that contains the prescribed information regarding the disciplinary proceedings of staff members dismissed for misconduct and who resigned prior to finalisation of the disciplinary proceedings.

(7) A copy of the record referred to in subsection (6) must be submitted to the MEC for local government on a quarterly basis.

(8) The MEC for local government must, within 14 days of receipt of the record referred to in subsection (6), submit a copy thereof to the Minister.

(9) The Minister must maintain a record of all staff members that have—  
 (a) been dismissed for misconduct; or  
 (b) resigned prior to the finalisation of the disciplinary proceedings,  
which record must be made available to municipalities as prescribed.”.

**Amendment of section 66 of Act 32 of 2000, as amended by section 8 of Act 7 of 2011**

6. Section 66 of the principal Act is hereby amended— 20

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) develop a staff establishment for the municipality, and submit the staff establishment to the municipal council for approval;”; and

(b) by the substitution for subsections (3), (4) and (5) of the following subsections, respectively: 25

“(3) No person may be employed in a municipality unless the post to which he or she is appointed, is provided for in the staff establishment of that municipality.

(4) A decision to employ a person in a municipality, and any contract concluded between the municipality and that person in consequence of the decision, is null and void if the appointment was made in contravention of subsection (3). 30

(5) Any person who takes a decision contemplated in subsection (4), knowing that the decision is in contravention of subsection (3), may be held personally liable for any irregular or fruitless and wasteful expenditure that the municipality may incur as a result of the invalid decision.”. 35

**Amendment of section 67 of Act 32 of 2000, as amended by section 38 of Act 51 of 2002 and section 9 of Act 7 of 2011** 40

7. Section 67 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“A municipality, in accordance with applicable law and subject to any applicable collective agreement, must develop and adopt appropriate systems and procedures, consistent with any uniform standards prescribed in terms of section 72(1)(c), to ensure fair, efficient, effective and transparent personnel administration, including—”; and 45

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Systems and procedures adopted in terms of subsection (1), apply also to a person referred to in section 57.”. 50

**Substitution of section 71 of Act 32 of 2000, as substituted by section 10 of Act 7 of 2011**

8. The following section is hereby substituted for section 71 of the principal Act:

(4) Ondanks subartikel (1), kan die Minister wangedrag voorskryf ten opsigte waarvan geen tydperk hoef te verstryk voordat 'n persoon weer in enige munisipaliteit in diens geneem kan word nie.

(5) Behoudens subartikel (1), moet 'n besluit om 'n persoon wat weens wangedrag afgedank is, weer aan te stel, met die nodige inagneming van die aard van die betrokke wangedrag geneem word.

(6) 'n Munisipaliteit moet 'n rekord hou wat die voorgeskrewe inligting bevat oor die dissiplinêre verrigtinge van personeellede wat weens wangedrag ontslaan is en wat bedank het voordat die dissiplinêre verrigtinge afgehandel is.

(7) 'n Afskrif van die rekord bedoel in subartikel (6) moet kwartaalliks aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word.

(8) Die LUR vir plaaslike regering moet, binne 14 dae vanaf ontvangs van die rekord in artikel (6) bedoel, 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(9) Die Minister moet 'n rekord hou van alle personeellede wat—

(a) weens wangedrag ontslaan is; of

(b) voor die afhandeling van dissiplinêre verrigtinge bedank het, welke rekord soos voorgeskryf aan munisipaliteite beskikbaar gestel moet word.”.

#### Wysiging van artikel 66 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 7 van 2011

6. Artikel 66 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) 'n diensstaat vir die munisipaliteit ontwikkel, en die diensstaat aan die munisipale raad vir goedkeuring voorlê;”;

(b) deur subartikels (3), (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

“(3) Geen persoon kan in 'n munisipaliteit in diens geneem word tensy voorsiening in die diensstaat van daardie munisipaliteit gemaak word vir die pos waarin hy of sy aangestel word nie.

(4) 'n Besluit om 'n persoon in 'n munisipaliteit in diens te neem, en enige kontrak wat ten gevolge van die besluit tussen die munisipaliteit en daardie persoon aangegaan word, is van nul en gener waarde indien die aanstelling in stryd met subartikel (3) gemaak is.

(5) 'n Persoon wat 'n besluit beoog in subartikel (4) neem, wetend dat die besluit in stryd met subartikel (3) is, kan persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes wat die munisipaliteit as gevolg van die ongeldige besluit mag aangaan.”.

#### Wysiging van artikel 67 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 38 van Wet 51 van 2002 en artikel 9 van Wet 7 van 2011

7. Artikel 67 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“'n Munisipaliteit moet, ooreenkomstig toepaslike wetgewing en behoudens enige toepaslike kollektiewe ooreenkoms, toepaslike stelsels en prosedures ontwikkel en aanneem wat bestaanbaar is met eenvormige standaarde ingevolge artikel 72(1)(c) voorgeskryf ten einde billike, doeltreffende, effektiewe en deursigtige personeeladministrasie te verseker, insluitende—”;

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Stelsels en prosedures wat ingevolge subartikel (1) aangeneem word, is ook op 'n persoon bedoel in artikel 57 van toepassing.”.

#### Vervanging van artikel 71 van Wet 32 van 2000, soos vervang deur artikel 10 van Wet 7 van 2011

8. Artikel 71 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Bargaining council agreements**

- 71.** (1) Organised local government must, before embarking on any negotiations with parties in the bargaining council established for municipalities, consult—
- (a) the Financial and Fiscal Commission established in terms of section 220 of the Constitution;
  - (b) the Minister; and
  - (c) any other parties as may be prescribed.
- (2) Organised local government must, in concluding any collective agreement resulting from negotiations contemplated in subsection (1), take into account—
- (a) the budgets of municipalities;
  - (b) the fiscal capacity and efficiency of municipalities; and
  - (c) national economic policies.
- (3) Municipalities must comply with any collective agreements concluded by organised local government within its mandate on behalf of local government in the bargaining council established for municipalities.”.

**Insertion of section 71B in Act 32 of 2000**

9. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 71A:

**“Limitation of political rights** 20

- 71B.** (1) A staff member may not hold political office in a political party, whether in a permanent, temporary or acting capacity.
- (2) A person who has been appointed as a staff member before subsection (1) takes effect, must comply with subsection (1) within one year of the commencement of subsection (1).”.

**Amendment of section 72 of Act 32 of 2000, as amended by section 15 of Act 19 of 2008 and section 11 of Act 7 of 2011**

10. Section 72 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution in subsection (1) for subparagraph (ii) of paragraph (c) of the following subparagraph:
    - “(ii) municipal staff systems and procedures referred to in section 67(1) and the matters that must be dealt with in such systems and procedures, including—
      - (aa) transfers; and
      - (bb) termination of service; and”;
  - (b) by the substitution in subsection (1) for paragraph (e) of the following paragraph:
    - “(e) training, competency and skills development of staff members of municipalities, including in-house training, subject to the requirements of the Skills Development Act, 1998 (Act No. 81 of 1998), the Skills Development Levies Act, 1999 (Act No. 28 of 1999), and the Municipal Finance Management Act;”;
  - (c) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (gA), (gB) and (gC) of the following paragraphs, respectively:
    - “(gA) subject to applicable labour legislation, the regulation of medical aid and pension, after consultation with the Minister of Health and the Minister of Finance;
    - (gB) the level of skills, expertise and competency that municipal managers and managers directly accountable to municipal managers must have;
    - (gC) prohibiting the performance of remunerative work outside the municipality;”;
  - (d) by the deletion in subsection (2) at the end of paragraph (a) of the word “and”;

**“Bedingingsraadbesluite**

- 71.** (1) Georganiseerde plaaslike regering moet, voor in enige onderhandelinge met partye in die bedingingsraad ingestel vir munisipaliteite getree word, oorleg pleeg met—
- (a) die Finansiële en Fiskale Kommissie ingestel ingevolge artikel 220 van die Grondwet;
  - (b) die Minister; en
  - (c) enige ander partye wat voorgeskryf mag word.
- (2) Georganiseerde plaaslike regering moet in die aangaan van enige kollektiewe ooreenkoms wat die gevolg is van onderhandelinge in subartikel (1) bedoel—
- (a) die begrotings van munisipaliteite;
  - (b) die fiskale kapasiteit en doeltreffendheid van munisipaliteite; en
  - (c) nasionale ekonomiese beleid, in ag neem.
- (3) Munisipaliteite moet voldoen aan enige kollektiewe ooreenkoms aangegaan deur georganiseerde plaaslike regering binne sy mandaat namens plaaslike regering in die bedingingsraad wat vir munisipaliteite ingestel is.”.

**Invoeging van artikel 71B in Wet 32 van 2000** 20

9. Die volgende artikel word hierby ná artikel 71A in die Hoofwet ingevoeg:

**“Beperking van politieke regte**

- 71B.** (1) 'n Personeellid mag nie 'n politieke amp in 'n politieke party beklee nie, hetsy in 'n permanente, tydelike of waarnemende hoedanigheid.
- (2) 'n Persoon wat as 'n personeellid aangestel is voordat subartikel (1) in werking tree, moet binne een jaar van die invoering van subartikel (1) daaraan voldoen.”.

**Wysiging van artikel 72 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 19 van 2008 en artikel 11 van Wet 7 van 2011**

- 10.** Artikel 72 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) subparagraaf (ii) van paragraaf (c) deur die volgende subparagraaf te vervang:
    - “(ii) munisipale personeelstelsels en -prosedures in artikel 67(1) bedoel en die aangeleentheid wat in sodanige stelsels en prosedures gehanteer moet word, insluitend—
      - (aa) oorplasing; en
      - (bb) diensbeëindiging; en”;
  - (b) deur in subartikel (1) paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:
    - “(e) die opleiding en die ontwikkeling van die bevoegdheid en vaardighede van personeellede van munisipaliteite, insluitende interne opleiding, behoudens die vereistes van die ‘Skills Development Act, 1998’ (Wet No. 81 van 1998), die ‘Skills Development Levies Act, 1999’ (Wet No. 28 van 1999), en die Munisipale Finansiële Bestuurswet”;
  - (c) deur in subartikel (1) paragrawe (gA), (gB) en (gC) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:
    - “(gA) behoudens toepaslike arbeidswetgewing, die reëling van mediese fondse en pensioen, na oorleg met die Minister van Gesondheid en die Minister van Finansies;
    - (gB) die vlak van vaardighede, kundigheid en bevoegdheid wat munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, moet hê;
    - (gC) wat die verrigting van besoldigde werk buite die munisipaliteit verbied”;
  - (d) deur in subartikel (2) aan die einde van paragraaf (a) die woord “en” te skrap;

- (e) by the substitution in subsection (2) at the end of paragraph (b) for the word “and” of the word “and”;
- (f) by the substitution in subsection (2) for paragraph (c) of the following paragraph:  
“(c) when necessary, differentiate between different categories of municipal staff members.”; and
- (g) by the substitution for subsection (2A) of the following subsection:  
“(2A) The Minister may, subject to applicable labour legislation and after consultation with the Minister of Public Service and Administration, make regulations relating to the duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers.”.

**Amendment of section 106 of Act 32 of 2000, as amended by section 18 of Act 19 of 2008 and section 12 of Act 7 of 2011**

11. Section 106 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:  
“(1A) The MEC must table a report detailing the outcome of the investigation in the relevant provincial legislature within 90 days from the date on which the MEC designated a person or persons to investigate the matter and must simultaneously send a copy of such report to the Minister, the Minister of Finance and the National Council of Provinces.”;
- (b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:  
“(5) (a) Where an MEC fails to conduct an investigation within 90 days, notwithstanding a request from the Minister in terms of subsection (4)(a), the Minister may in terms of this section conduct such investigation.  
(b) The Minister must send a report detailing the outcome of the investigation referred to in paragraph (a) to the President.”; and
- (c) by the addition of the following subsection:  
“(6) If an investigation warrants such a step, the municipality must institute disciplinary proceedings against the person or persons implicated in the report in accordance with the systems and procedures referred to in section 67, read with Schedule 2, and report the outcome to the MEC or the Minister, as the case may be, within 14 days of finalisation.”.

**Amendment of section 120 of Act 32 of 2000, as amended by section 28 of Act 44 of 2003 and section 13 of Act 7 of 2011**

12. Section 120 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:  
“(a) the matters listed in sections 22, 37, 49, 57(3)(a)(ii), 54A(2), 54A(3)(a), 54A(4)(b), 54A(6), 54A(7)(a), 56(1)(b), 56(4A)(a), 57A(1), 57A(6), 57A(9)(b), 67(1), 71(1)(c), 72, 86A and 104.”

**Amendment of Schedule 1 to Act 32 of 2000, as inserted by section 14 of Act 13 of 2011**

13. Schedule 1 to the principal Act is hereby amended by the substitution for item 2A of the following item:

**“Voting at meetings**

- 2A.** A councillor may not vote in favour of or agree to a resolution which is before the council or a committee of the council which conflicts with any legislation applicable to local government.”

- (e) deur in subartikel (2) aan die einde van paragraaf (b) die woord “en” deur die woord “en” te vervang;
- (f) deur in subartikel (2) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:  
“(c) wanneer nodig, onderskeid tref tussen verskillende kategorieë munisipale personeellede.”; en 5
- (g) deur subartikel (2A) deur die volgende subartikel te vervang:  
“(2A) Die Minister kan, behoudens toepaslike arbeidswetgewing en ná oorleg met die Minister van Staatsdiens en Administrasie, regulasies uitvaardig oor die pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is.” 10

**Wysiging van artikel 106 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 19 van 2008 en artikel 12 van Wet 7 van 2011**

11. Artikel 106 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg: 15  
“(1A) Die LUR moet ’n verslag wat die uitslag van die ondersoek uiteensit in die tersaaklike provinsiale wetgewer ter tafel lê binne 90 dae van die datum waarop die LUR die persoon of persone aangewys het om die aangeleentheid te ondersoek en moet terselfdertyd ’n afskrif van sodanige verslag aan die Minister, die Minister van Finansies en die Nasionale Raad van Provinsies stuur.”; 20
- (b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:  
“(5) (a) Waar ’n LUR versuim om ’n ondersoek binne 90 dae te doen, ondanks ’n versoek van die Minister ingevolge subartikel (4)(a), kan die Minister ingevolge hierdie artikel die ondersoek doen. 25  
(b) Die Minister moet ’n verslag waarin die resultaat van die ondersoek in paragraaf (a) bedoel uiteengesit word, aan die President stuur.”; en
- (c) deur die volgende subartikel by te voeg: 30  
“(6) Indien ’n ondersoek so ’n stap regverdig, moet die munisipaliteit ingevolge die stelsels en prosedures bedoel in artikel 67, gelees met Bylae 2, dissiplinêre verrigtinge teen die persoon of persone instel wat in die verslag geïmpliseer is en die uitslag binne 14 dae vanaf afhandeling aan die LUR of die Minister, na gelang van die geval, rapporteer.”

**Wysiging van artikel 120 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 44 van 2003 en artikel 13 van Wet 7 van 2011** 35

12. Artikel 120 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:  
“(a) die aangeleenthede in artikels 22, 37, 49, 57(3)(a)(ii), 54A(2), 54A(3)(a), 54A(4)(b), 54A(6), 54A(7)(a), 56(1)(b), 56(4A)(a), 57A(1), 57A(6), 57A(9)(b), 67(1), 71(1)(c), 72, 86A en 104 gelys;” 40

**Wysiging van Bylae 1 by Wet 32 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 14 van Wet 13 van 2011**

13. Bylae 1 by die Hoofwet word hierby gewysig deur item 2A deur die volgende item te vervang: 45

**“Stemming by vergaderings**

2A. ’n Raadslid kan nie stem ten gunste van of instem tot ’n resoluë wat voor die raad of ’n komitee van die raad dien en wat teenstrydig is met enige wetgewing wat op plaaslike regering van toepassing is nie.”

**Transitional provisions**

**14.** This Act does not affect the employment contract of a municipal manager or a manager directly accountable to the municipal manager entered into before this Act took effect, and such contract continues until it lapses or is terminated.

**Repeal of laws**

5

**15.** The following laws are hereby repealed:

- (a) Act No. 7 of 2011; and
- (b) section 82 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998).

**Short title and commencement**

10

**16.** This Act is called the Local Government: Municipal Systems Amendment Act, 2022, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Government Gazette*.

**Oorgangsmaatreëls**

14. Hierdie Wet raak nie die dienskontrak van 'n munisipale bestuurder of 'n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, wat aangegaan is voordat hierdie Wet in werking getree het nie, en sodanige kontrak gaan voort totdat dit verstryk of totdat dit beëindig word.

5

**Herroeping van wette**

15. Die volgende wette word hierby herroep:

- (a) Wet No. 7 van 2011; en
- (b) artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998).

10

**Kort titel en inwerkingtreding**

16. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2022, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.